**VAN LOON, HENDRIK WILLEM: THE STORY OF MANKIND.** Liveright Paperback, New York, 1994. £7-95.

'n Nuwe sagteband-uitgawe van Van Loon se klassieke werk wat in 1921 die eerste keer verskyn het. Dit vertel die verhaal van die mens se geskiedenis in 'n storievorm wat dit ideaal geskik maak vir gebruik in die klaskamer.

Een voorbeeld ter illustrasie. Die wyse waarop die verhaal van die gosdiensoorloë van die sestiende en die sewentiende eeue vertel word (pp. 262-278) maak dit moontlik om die ingewikkelde gebeure interessanter, eenvoudiger en stellig meer begrypbaar te maak.

Prof. John Merriman van Yale Universiteit het die verhaal op datum gebring en byvoorbeeld die opkoms van die Derde Wêreld, Viëtnam ens. bygewerk. Sy bywerking skep ook besonder bruikbare onderrig-materiaal. Byvoorbeeld die geskiedenis van ruimte-vaart onder die titel Ruimteskip Aarde (pp. 553-558).